

Woensdag **18 Desember**

Skrifgedeelte: Galasiërs 4:21-5:1 (AFR53)

Fokusgedeelte: Galasiërs 5:1

Moenie jou vryheid vir slawerny verruil nie

Gelowiges is vrygemaak deur Jesus Christus. Ons is nie slawe van 'n wet nie, maar kinders van God. Ons het vryheid in Christus en ons moenie hierdie vryheid prysgee om slawe te word nie.

Die wet is nie tot redding gegee nie. Die wet is die tugmeester na Christus toe (Gal. 3:24). Die wet word vir ons gegee om ons te leer hoe heilig God is, hoe verskriklik die sonde is en dat ons verlossing nodig het. Verlossing wat ons net in Christus kry.

Hoe hartseer is dit dan nie as mense hulleself probeer red deur die wet nie. Hulle sê dat hulle in Christus glo, maar lewe asof hulle redding van hulleself afhang. Hulle maak hulleself moeg en moedeloos.

Om te beklemtoon dat Christus ons vry maak, word twee seuns van Abraham genoem. Ismael, die seun wat uit Hagar, 'n slavin, gebore is en Isak, die seun wat uit Sara, 'n vrye, gebore is. Ismael wys op die mens wat probeer om homself te red. Al het God sy belofte van 'n nageslag gemaak, het Abraham-hulle steeds hulle eie plan probeer maak en het Abraham vir Ismael by Hagar verwek.

Hagar staan vir Sinai en die teenswoordige Jerusalem. Die Here het sy wet vir sy volk gegee, maar hulle het hulleself deur die wet probeer red. Hulle het slawe van die wet geword.

Teenoor hierdie slawerny staan die kinders van die belofte. Mense wat soos Isak ware lewe het omdat God dit gee. Kinders, nie slawe nie. Mense wat aan die hemelse Jerusalem behoort.

As vrygemaakte in Christus moet jy vas staan. Moenie onder die slawerny van die wet gebring word nie. Moenie jou vryheid prysgee nie.

Gebruik jou vryheid in Christus om God en jou naaste te dien. Die wet is nie jou redder nie, maar lei jou na Christus toe en wys jou hoe God gedien wil word deur mense wat in Christus vry is.

Sing: Psalm 107-1:1, 3

Ds. GP (Gerrie) van Rhyn (Komatipoort)